# Wanneer God groter is as jou storie

Selleier-nota: Ivor se getuienis en die storie wat hy by die amfiteater gedeel het, raak verskeie areas van ons lewe aan. Dit help ons om eerlik te reflekteer oor ons eie stories, keuses en verhouding met God. Die selmateriaal bevat ’n paar van die hooftemas om oor te dink. Kies dié wat die meeste relevant is vir jou selgroep en fokus daarop in julle gesprek. Neem asseblief tyd om vooraf te beplan sodat daar genoeg ruimte is vir ’n paar persoonlike getuienisse aan die einde.

## 1. Inleiding: Ons almal het ’n storie

Elke mens dra ’n storie. Dit is gevorm deur dinge wat met ons gebeur het, keuses wat ons gemaak het, mense wat ons ontmoet het, en seisoene van pyn, groei en vreugde. Party dele van ons storie is maklik om te vertel, ander dele hou ons eerder stil oor.

Maar nie elke storie definieer wie God is nie. Ons ervarings kan ons beeld van God beïnvloed, maar dit verander nie wie Hy werklik is nie.

Lees saam:  Jesaja 55:8-9

> My gedagtes is nie julle gedagtes nie,
> en julle optrede nie soos Myne nie,
> sê die Here;
> soos die hemel hoër is as die aarde,
> so is my optrede verhewe bo julle optrede
> en my gedagtes bo julle gedagtes.

Hier herinner God ons dat daar altyd ’n groter prentjie is-selfs wanneer ons net ’n klein gedeelte van die storie kan sien.

**Gespreksvrae:**

- Hoe sou jy jou lewe in 3 sinne beskryf?
- Watter deel van jou storie het jou die meeste gevorm?

## 2. Gebroke omstandighede en ons Godsbeeld

Ons almal gaan deur seisoene waar dinge nie sin maak nie, tye waar gebede onbeantwoord voel, waar verlies of teleurstelling ons uitdaag, en waar die toekoms onseker lyk. In sulke oomblikke begin ons soms vrae vra oor God self.

Ons omstandighede mag ons seermaak, maar dit bepaal nie wie God is nie. Wat ons ervaar kan ons perspektief kleur, maar dit verander nie God se karakter nie.

Een van die grootste geloofstoetse is nie net of ons God vertrou wanneer alles goed gaan nie, maar of ons Hom steeds kan vertrou wanneer alles uitmekaar lyk.

Lees saam: Habakuk 3:17-18

> Al sou die vyeboom nie bot nie
> en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie,
> al sou die olyfoes misluk
> en die lande geen oes lewer nie,
> al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie
> en die beeskrale sonder beeste wees,
> nogtans sal ek in die Here jubel,
> sal ek juig in God, my Redder.

Habakuk beskryf hier ’n situasie van totale verlies. En tog kies hy om nie sy vertroue in God prys te gee nie. Sy vreugde is nie gebaseer op wat hy het nie, maar op wie God is.

Dit beteken nie dat pyn ontken word of dat moeilike omstandighede “maklik” is nie. Dit beteken eerder dat God groter is as die leegtes in ons lewe.

**Gespreksvrae:**

- Hoe beïnvloed moeilike tye jou siening van God?
- Wat beteken dit prakties dat “God bly goed, selfs as my lewe nie goed is nie”?

## 3. Afgode: Wanneer iets God se plek inneem

’n Afgod is nie altyd iets sigbaars of “godsdienstig” nie. Dit is dikwels iets baie gewoon, iets wat goed kan wees, maar wat verkeerd gebruik word wanneer dit die sentrale plek in ons hart begin inneem.

’n Afgod is enigiets wat jy gebruik om te kry wat net God kan gee. Tim Keller beskryf dit so: *“An idol is anything you seek to give you what only God can give.”*

Met ander woorde: ’n Afgod is wanneer ons iets anders gebruik om ons identiteit, sekuriteit, waarde of vrede te gee, goed wat net God werklik kan vul.

Moderne afgode lyk nie soos beelde van hout of klip nie, maar dit kan baie subtiel wees. Dit kan iets wees wat ons nastreef, beskerm of bang is om te verloor.

- Sukses kan ’n afgod word wanneer dit jou waarde bepaal.
- Erkenning kan ’n afgod word wanneer jy net goed voel as ander jou raaksien.
- Verhoudings kan ’n afgod word wanneer jy jou hele identiteit daarin plaas.
- Beheer kan ’n afgod word wanneer jy nie God vertrou met onsekerheid nie.

Die gevaar van afgode is dat hulle belowe wat hulle nie kan lewer nie. Hulle vra altyd meer, maar gee nooit blywende vrede nie.

**Gespreksvrae:**

- Wat is vandag se “moderne afgode”? (bv. sukses, erkenning, verhoudings, beheer, plesier)
- Watter dinge in jou lewe raak soms “te belangrik”?
- Hoe kan goeie dinge (familie, werk, verhoudings) afgode word?

## 4. Identiteit: Jy is gemaak na God se beeld

As jy nie jou identiteit in God sien nie, soek jy dit in verkeerde plekke. Genesis 1:27 sê ons is geskape na God se beeld. Om na God se beeld gemaak te wees beteken dat elke mens waarde, waardigheid en betekenis dra, nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat God dit in hulle geplaas het.

Dit verander hoe ons na onsself kyk, maar ook hoe ons na ander mense kyk. As elke mens God se beeld dra, kan ons nie mense as “minder belangrik”, “onbelangrik” of “weggooibaar” sien nie. Selfs mense met wie ons verskil, of mense wat ons dalk moeilik vind, dra nog steeds iets van God se skeppingswaarde.

**Gespreksvrae:**

- Hoe beïnvloed dit jou selfbeeld om te weet jy is geskape met bedoeling en waarde?
- Hoe verander dit hoe jy ander mense behandel as jy weet hulle is ook God se beeld?

## 5. Die hart se leegte en verkeerde oplossings

Elke mens dra op een of ander manier pyn. Party seer is sigbaar, ander seer is stil en diep weggesteek. Wanneer pyn nie verwerk word nie, soek dit altyd ’n uitweg—en daardie uitweg is nie altyd gesond nie.

Onverwerkte pyn kan maklik in iets vernietigends verander. Dit kan ons manier van dink beïnvloed, hoe ons mense behandel, en selfs hoe ons oor God voel. Wat in die hart leef, vind uiteindelik ’n manier om uit te kom in ons lewe en gedrag.

Lees saam: Spreuke 4:23

> Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan,
> want dit bepaal jou hele lewe.

Hierdie vers herinner ons dat die hart nie net ’n plek van emosie is nie, maar die kern van wie ons is. Daarom is dit belangrik om nie net uiterlike gedrag aan te pak nie, maar ook wat binne-in ons gebeur.

Wanneer pyn nie gesond verwerk word nie, soek mense dikwels verkeerde “oplossings”:

- Woede wat uitbars en verhoudings beskadig
- Verslawing as ’n manier om pyn te verdoof
- Isolasie waar mense hulself afsluit van ander
- Kontrole waar mense probeer alles beheer om nie weer seer te kry nie
- Ontkenning waar pyn eenvoudig geïgnoreer word

Al hierdie dinge mag tydelike verligting bring, maar dit genees nie die hart nie.

God nooi ons eerder na eerlikheid, verwerking en genesing, nie om pyn weg te steek nie, maar om dit in Sy teenwoordigheid te bring waar ware herstel kan gebeur.

**Gespreksvrae:**

- Hoe hanteer mense pyn verkeerd (bv. woede, verslawing, isolasie)?
- Wat is gesonde maniere om emosionele pyn te verwerk?

## 6. Genade: Jou verlede is nie jou finale storie nie

Baie mense leef met die gevoel dat hulle verlede hulle definieer. Foute, skuld, skaamte of spyt word dikwels soos ’n “storie-etiket” wat hulle saamdra. Maar in God se hande is jou verlede nie die finale hoofstuk nie.

God skryf ’n nuwe verhaal, een waar genade sterker is as skuld, en waar herstel moontlik is selfs vir wat gebreek is.

Lees saam: Kolossense 2:14

> Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.

Hierdie beeld is kragtig: alles wat teen ons getel het - ons skuld, ons mislukking, ons oortredings -word nie net “vergewe” nie, maar heeltemal uitgewis. Dit beteken daar is nie meer ’n rekord wat teen ons staan nie. Jesus het dit aan die kruis afgehandel.

Lees saam Lukas 15:20

> En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan.
> “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.

Hier sien ons die hart van God. Die vader wag nie met verwerping nie, maar met medelye. Hy hardloop na die seun toe nog voordat hy sy hele verskoning kan uitspreek. Dit wys dat genade altyd vinniger beweeg as skaamte.

God se genade beteken nie dat ons verlede “nooit gebeur het nie”, maar dat dit nie meer ons identiteit bepaal nie.

**Gespreksvrae:**

- Wat probeer jou verlede vandag nog vir jou sê?
- Wat beteken dit dat Jesus jou skuldbrief “uitgewis” het?
- Hoe lyk ’n lewe wat werklik vry is?

# 7. “Twee papiere”: Skuld vs Genade

Ons almal leef met ’n soort “storie in ons kop” oor onsself. Soms is dit die stem van ons verlede -ons foute, ons skaamte, ons mislukkings. Ander kere is dit God se stem van genade - nuwe lewe, vergifnis en identiteit in Christus.

Ons leef tussen twee realiteite:

- Jou “rekord” (skuld, foute, verlede)
- God se “genade” (nuwe identiteit in Christus)
  Maar in Christus word ons nie gedefinieer deur ons rekord nie, ons word gedefinieer deur wat Hy reeds gedoen het.

Lees saam: 2 Korintiërs 5:17

> Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

Hierdie vers sê nie dat ons verlede nooit bestaan het nie, maar dat dit nie meer ons identiteit bepaal nie. In Christus begin ’n nuwe realiteit, ’n nuwe begin wat nie gebou is op prestasie nie, maar op genade.

## Getuienis-tyd

Gee genoeg tyd (10–20 min) vir elkeen om te deel.

Hierdie is ’n ruimte om te hoor hoe God reeds werk, nie om prestasie te meet nie, maar om genade te vier.

**Riglyne:**

- Wat het God al in jou lewe gedoen?
- Waar het Hy jou uitgehaal of verander?

- Waar sien jy Sy genade selfs nou?

Selleier-nota:
Skep ’n veilige en respekvolle ruimte. Moedig eerlikheid aan, maar moenie druk plaas op mense om diep of persoonlike stories te deel nie. Stilte en kort getuienisse is ook heeltemal geldig. Herinner die groep: die fokus is nie op hoe “goed” ons stories klink nie, maar op hoe groot God se genade is.

## Slot Toepassing: Leef as dissipels

Dissipelskap is nie net ’n deel van die lewe nie—dit is ’n totale heroriëntering van die lewe. Dit beteken dat Jesus nie net iemand is wat ons volg wanneer dit gerieflik is nie, maar die Een rondom wie alles draai.

Dissipelskap beteken: God is nie deel van my lewe nie, Hy is die sentrum van my lewe.

Lees saam: Lukas 9:23

> Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg

Hierdie roeping is nie net ’n eenmalige besluit nie, maar ’n daaglikse keuse—om ons eie wil, begeertes en selfs afgode neer te lê, en Jesus eerste te stel.

Vrae vir nadenking by die huis:

- Wat moet hierdie week verander in jou fokus?
- Watter “afgod” moet jy los?
- Hoe kan jy Jesus sigbaar maak in jou wêreld?

**Afsluiting gebed fokus:**

- Genesing van seer
- Vryheid van afgode
- Nuwe identiteit in Christus
- Moed om getuienis te leef